# Hoofstuk van die dag: Esegiël 25 – 28

> *Dan sal daar nie meer onder die buurvolke van wie Israel soveel minagting verduur, 'n doring wees wat hom bly steek,*

> *’n pendoring wat hom bly pynig nie. Israel sal besef dat Ek die Here God is. (Eseg 28:24)*

Soos ander profete het Esegiël ook oor die volke wat Israel en Juda omring het, iets te sê. In hierdie vier hoofstukke kom die Ammoniete, die Moabiete, die Edomiete, die Filistyne en Tirus en Sidon aan die beurt. In hoofstukke 29 – 32 kom Egipte aan die beurt.
Met hierdie uitsprake getuig Esegiël dat God heers oor alle nasies op die aarde, nie net oor Israel en Juda nie. Hy bepaal die koers van volkere, nie net van dié wat Hom aanbid en dien nie. Hy wys ook dat die leedvermaak, minagting en wraaksugtigheid van ander volke op niks sal uitloop nie.
Terwyl die omringende volke (Ammon, Moab, Edom en die Filistyne) sal wegkwyn en uiteindelik sal ophou bestaan, sal Israel en Juda weer herrys. God vergeet nie sy mense nie!
Ook ons is in God se hart opgeteken. Dit behoort ons tot nederige dankbaarheid te bring. Leedvermakerigheid, minagting en wraakgedagtes mag nie deel van ons denke vorm nie. Hierin moet ons ons Here Jesus navolg (1 Pet 2:23).

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026